# S.A. POLISIE EN SWERWER-SPEURDER REEKS



Skielik hou hou Coulter op met skiet en Obed bly doodstil en luister. Die modder suig digby hom en 'n telling lank sien hy Coulter se gestalte teen die maanlig afgeets. Hy skiet soos 'n pyl uit 'n boog op die man af, maar sy voete gly in die modder en Coulter val byna oor hom. Obed rol om, mik na Coulter en trek die sneller. Daar is egter 'n dowwe klapgeluid soos die vuurpen in die leë pistoolloop slaan.
Hy slinger die nuttelose wapen na Coulter se kop net toe die prokureur skiet. Die pistool tref hom in die gesig, hy steier agteruit en sy koeël snerp onskadelik ussen die riete deur.

Stofomslag Chris du Plooy



INHOUD

Hoofstuk .......................................... Bladsy

1. Wie is Ludovic? .......................................... 3
2. Gert se Lala .......................................... 16
3. Ou Kennisse .......................................... 28
4. 'n Vuishou Tref .......................................... 40
5. Whisky as Wapen .......................................... 52
6. Waar is Theresa? .......................................... 63
7. Die Losprys .......................................... 75
8. Heldhaftige Seun .......................................... 87



## WIE IS LUDOVIC?

,,Obed!" Die helder manstem klink aangenaam verras.

Obed de Swardt kyk op. Langs sy tafeltjie staan 'n lang jong man. Sy gesig is donkerbruin gebrand, asof hy lank aan intense hitte blootgestel was. 'n Glimlag van herkenning plooi sy wye mond en blink in sy oë. Hy steek sy hand na Obed uit en onderwyl hulle groet, beskou hy Obed van kop tot tone.

,,Dis seker die allerminste wat ek verwag het! Reken, om jou weer raak te loop. Wat maak jy op Potgietersrus? Maar, wag, jy het mos in hierdie wêreld grootgeword, nie waar nie?"

,,Dis reg," antwoord Obed.

Sy oë bly stip op die man voor hom. Hoewel hy selde of nooit 'n gesig vergeet wat hy een keer gesien het nie, kan hy hom glad nie herinner wie die jong man is nie. Die vreemdeling lyk egter so seker van sy saak dat Obed verleë wonder of sy geheue dalk nie so goed is as wat hy tot dusver gedink het nie.

Die jong man se gulle stem onderbreek sy gedagtes. ,,Wanneer het jy teruggekom? Kort nadat ek uit Kenia is, is jy na 'n opstootjie in Nairobi as dood aangemeld. Blykbaar was dit maar net 'n gerug. Ek is bly."

Obed glimlag effens. ,,Ek is bevrees dat jy 'n fout maak, Meneer. Ek was jare laas in Nairobi en kan jou verseker dat ek toe nie met opstootjies te doen gehad het nie. Ek was te besig met voorbereidings vir 'n jagtog."

,,Ja, jy het my vertel dat jy jare gelede in Kenia was om te gaan jag," kom dit vinnig van die jong man. ,,Maar wat bedoel jy daarmee dat. . ."

,,Net wat ek sê, Meneer," val Obed hom in die rede. ,,Ek dink jy verwar my met iemand anders."

,,Jy speel. Jy is mos Obed de Swardt, dan nie?"

,,Ja, maar blykbaar nie die een wat jý ken nie."

,,Onmoontlik! Dis onmoontlik dat twee mense met dieselfde naam en uit dieselfde omgewing so eenders kan lyk.'' Sy blik brand op Obed. ,,Was jy nie in die Kenia-polisie nie?''

,,Ek was nog nooit in enige polisiemag nie.''

Die jong man frons. Hy lyk skoon uit die veld geslaan. Dan glimlag hy egter weer. ,,Jy trek net my been, Obed. Ek ken vir jou!'' Sy stem is egter nie meer so seker nie. Obed skud glimlaggend sy kop. ,,Ek trek nie jou been nie, Meneer. Ek is nie die man wat jy gedink het nie.''

,,Die sprekende ewebeeld!'' roep die vreemdeling verwonderd uit, sy stem sag, nadenkend. ,,En dieselfde naam. Fantasties! Ongelooflik! Ek glo dit eenvoudig nie!'' sê hy skielik heftig en sy oë vlam.

Hy draai kort om en stap vinnig weg. Die mense wat voor die kafeetoonbank saamdrom, stoot hy byna ru uit sy pad uit op weg na die deur.

Obed is momenteel so uit die veld geslaan dat hy nie dadelik reageer nie. Hy spring egter op en roep die jongman agterna.

,,Meneer!''

Verskeie van die mense in die kafee staar hom aan, dog die jong man kyk nie om nie. Weer eens roep Obed, maar sy stem word verdring deur die gedruis van mensestemme en die gekletter van breekgoed op die tafeltjies. Die jong man is reeds met lang treë by die deur uit voordat Obed hom kan inhaal. Toe hy die deur bereik, trek 'n motor langs die sypaadjie weg. Die vreemde jong man sit agter die stuur, sy gesig donker van onstuimige emosies wat Obed nie kan vertolk nie. Hy roep weer. Die motor brul egter hard en skiet met toenemende vaart in die straat af.

,,Nou toe nou!'' prewel Obed en draai kopskuddend na sy tafel terug onder die nuuskierige blikke van die kafeegangers.

Obed is die namiddag teen sononder uit Johannesburg weg om 'n lank uitgestelde besoek te bring aan sy Bosveldplaas, wat noordwes van Pietersburg op die walle van een van die takke





van die Mogalakwenarivier lê. Omdat dit reeds na etenstyd was toe hy op Potgietersrus stilhou om brandstof in te gooi, het hy besluit om sommer daar te eet. Hy was net klaar toe die vreemde jong man na sy tafeltjie gekom het.

Terwyl sy gedagtes nog besig is met die voorval, betaal hy vir sy ete en stapna sy motor wat 'n entjie van die kafee af staan. Hoewel dit reeds laat is, is die strate vol mense en motors uit die uitgestrekte distrikte en omliggende dorpe, want 'n groot Uniefees is die dag op Potgietersrus gehou. Sy frisgeboude gestalte en sterk gesig laat etlike dames bewonderend na hom kyk, maar hy is blind vir hul skugter blikke. Die jong man se vergissing en sy verontwaardiging, byna verergdheid, toe Obed hom daarop wys dat hy blykbaar 'n fout maak, oorheers sy aandag.

Hy skuif agter die wiel van die groot swart motor in en spoedig lê die dorp met sy helderverligte strate en geesdriftige feesgangers agter hom in de nag. Die versneller sak dieper weg onder sy regtervoet en die groot motor snel oor die aarde. Die pad is oop en net so af en toe kom hy 'n motor teë. Sowat halfpad tussen Potgietersrus en Pietersburg moet hy sy spoed heelwat verminder. 'n Donkiewa slinger voor hom en aan die skynsel op die teer merk hy dat 'n motor van die teenoorgestelde kant af aankom.

Nadat die motor verby is, swaai hy agter die donkiewa uit en skiet teen toenemende snelheid verby. Die donkies swenk skielik regs en hy is verplig om van die kant van die pad af te gaan. Op daardie oomblik gewaar hy 'n motor van voor af aankom. Hy trap sy versneller weg en die motor brul vorentoe. Die aankomende motor nader egter vinniger as wat hy verwag het en hy is skaars by die voorste donkies verby, nog besig om na links te swaai toe die motor soos 'n gevaarte uit die nag op hom aangestorm kom.

Hy pak die stuur met albei hande beet en pluk die swaar motor so ver links dat sy linkerwiele van die pad af gaan. Maar die

ander motor is op die kruin van die pad. Obed is verplig om nog meer pad te gee. Te laat egter swenk hy byna geheel en al uit die pad uit.

Die aankomende motor tref hom net toe hy swaai. Daar is 'ngeknars, 'n skeurende geluid. Obed val plat op die voorste sitplek, onderwyl die motor van die pad af lig. Die voorruit is opeens 'n spinnerak van krake en barste. 'n Skeurende geluid en gekraak van bosse dring tot Obed deur. Dan tref 'n geweldige slag hom en 'n verblindende wit lig vlam voor sy oë op. Daarna tuimel hy weg in totale duisternis.

Die geur van verdowingsmiddels brand in sy neus. Met inspanning beweeg hy sy ooglede wat voel asof elkeen 'n ton weeg. 'n Skralerige man in 'n wit jas buk oor hom. Agter hom gewaar Obed 'n meisie wat hom onwillekeurig sy oë wyer laat rek. Sy is slank, middelmatig lank en haar oë is die sagte blou van koringblomme. Hoewel daar nou kwelling in haar blik skuil, is dit duidelik dat daar ook fyn humor in die blou dieptes lê. Haar hare is goudbrons en glansend, haar neus delikaat bo 'n mond so lieflik soos 'n roosknop.

„Hoe voel jy nou?" verneem die skraal man en buk oor Obed. Sy stem klink so bekommerd dat Obed dit nie oor sy hart kan kry om hom teleur te stel nie. Hy probeer sy gesig op 'n glimlag te trek en maak sy oë toe. Ligte flikker onder sy ooglede. 'n Wyle sweef hy in 'n duister mistigheid. Hy probeer eers keer dat hy weer wegraak, maar die duisternis is sterker as hy. Langsaam gly hy weg die mistigheid in.

Dit voel asof hy dae lank in die mistige duisternis ronddool, maar eindelik begin die ligte weer onder sy ooglede flikker en geleidelik word hy bewus van die lakens wat styf om sy liggaam span. Langsamerhand word hy ook bewus van die vertrek waarin hy lê, die hoë, glansende, wit plafon, die swaar, soliede meubels. Oplaas voel hy die oë van iemand op hom.

Langs sy bed sit 'n middeljarige man. Hy is breed en bonkig, met 'n groot, hoekige kop, waarop kort geknipte grys hare





glinster. Sy ligte blou oë is stip op Obed gerig. Sy mond en blik lyk bekommerd en tog merk Obed diepe deernis tussen die kommer deur. Toe die man Obed se blik op hom gewaar, spring hy op met 'n gedempte uitroep. Sy stem klink diep aangedaan.

„Ludovic!"

„Is hy wakker, mnr. Falck?" vra 'n klokhelder, strelende stem van die deur af.

Obed kyk op en vas in die sagte blou oë wat ernstig op hom gerig is.

„Theresa! Theresa!" fluister die man, sy blik op Obed. „Ek was so bang dat hy sou sterf. Hoe lank het ons nie na sy terugkoms uitgesien nie. . . dag na dag daarvoor gebid nie. . ."

Die man beur snikkend orent. Die meisie kom so snel, so grasieus nader dat dit lyk asof sy sweef. „Sit, mnr. Falck," sê sy en druk hom saggies terug om 'n glas op die tafeltjie langs die bed te neem en aan sy lippe te bring. „Drink," beveel sy asof sy met 'n klein kindjie praat.

'n Skielike beweging by die deur laat Obed opkyk. 'n Kort, ronde vrouefiguurtjie in 'n ligroos rok kom haastig oor die vloer aan. Sy stap met kort springtreetjies wat die indruk gee dat sy op en af bons soos 'n rubberbal. Die gesig onder die grys hare wat glad agteroor gekam lê, is blosend en rond soos dié van 'n vet, klein engel uit 'n skilderstuk van een van die ou meesters.

„My hartjie! My hartjie!" roep sy kortasem uit. „Eindelik is jy weer by. . . is jy weer terug in ons midde. . . na soveel jare!"

„Ekskuus," stamel Obed hees.

„Ek het altyd geweet jy sal terugkom. . . en kyk net in watter toetand. . .!" Sy kom langs die bed staan en laat haar hand liefkosend op sy arm rus. „My arme hartjie! Wat het hulle met jou aangevang? Kom, sê vir Nella?"

Obed merk uit die hoek van sy oog die blik van die meisie. Hy kan sweer dat daar 'n ondeunde glans in haar sagte, blou kykers was. Dit verhoog sy verleentheid en hy voel hoe die sweet op hom begin uitslaan. Die vonkeling verdwyn egter vinnig en

ernstig beskou sy hom.

,,O, Herman, gaan die vroutjie voort, ,,kon jy ooit dink dat ons hierdie heuglike dag sou beleef?''

,,Werklik,'' probeer Obed, ,,ek weet nie wat aangaan. . .''

,,Nou dat hy beter is, moet ons dadelik die burggravin laat weet,'' val die man hom in die rede. Hy probeer opstaan maar slaag nie daarin nie. ,,Ek. . . ek. . .''

,,Nie vanaand nie, mnr. Falck,'' kom die meisie tussenbei. ,,Dis al te laat en die telefoonsentrale is seker al toe.'' Sy rig haar na Obed. ,,Sy is nie baie sterk nie en het 'n seereis na Europa onderneem op aanbeveleing van haar dokter.'' Dan spreek sy die vroutjie aan. ,,Mev. Falck, dink u nie ons behoort die meneer iets te gee om te eet nie?''

,,Dis geen meneer nie!'' roep die vroutjie verontwaardig uit. ,,Maggie, Theresa, hierdie meneer is ons Ludovic. Jy behoort hom tog te onthou. Nou ja, jy was ook nog so jonk destyds toe hy vertrek het. Was sy nie, Herman?''

,,Ek dink ek sal die dokter laat weet,'' sê die meisie en met 'n knik van haar goudbrons hoof verlaat sy die vertrek.

Obed kyk haar bewonderend agterna, sy gedagtes doenig met waar hy is en wie die mense is wat hom blykbaar as 'n verlore seun aanvaar het. Hy begin skielik weer sweet. Sou hy nog steeds bewusteloos wees en dit alles droom? Vinnig kyk hy rond en wend hom dan tot die man.

,,Kan u my sê wie ek veronderstel is om te wees?''

,,Jy is. . .'' maar die vroutjie val hom in die rede.

,,Wie jy veronderstel is om te wees?'' roep sy uit. ,,Jy is Ludovic, ons Ludovic!'' en asof sy alle twyfel die nek wil inslaan, gaan sy voort: ,,Het ek jou nie help grootmaak nie? Toe jy 'n pap babatjie was, het ek met hierdie twee hande vir jou. .''

,,Asseblief,'' keer Obed haar met 'n flouerige laggie, ,,moenie dat ons oor sulke intieme sake gesels nie. Ek is nie nou meer 'n pap babatjie nie!''

Sy lag. ,,Is dit nie tipies Ludovic nie?'' Sy wend haar na haar





man wat glimlaggend sy kop skud.

,,Maar wie is Ludovic, of wie was hy?'' vra Obed verward. ,,Wie is u en u man, juffrou Theresa. . . en veral die burggravin?''

,,Jy wil tog nie sê dat jy jou Nella nie onthou nie?''

,,Ek is baie jammer, maar. . .''

Sy gee hom egter nie kans om te praat nie. ,,Ek is Nella Falck, jul huishoudster, en Herman is my man. Hy is jul plaasbestuurder. Die burggravin is jou moeder wat op die oomblik in Europa is. Theresa is die dogter van 'n ou huisvriend, mnr. Te Water.''

Obed se verwarring neem toe. Dit is die tweede keer in 'n kort rukkie dat hy vir iemand anders aangesien word. Vader dank, dink hy, die nuwe moeder van hom waarvan hy nou so onverwags verneem het, is in Europa. Hy sien nie kans om 'n wildvreemde dame, hoe gaaf ook al, as moeder aan te neem nie. Hoe gouer hy hulle egter op hul vergissing wys, hoe gouer sal hulle besef dat hy nie hierdie Ludovic-kêrel is nie.

,,Ek is jammer, mev. Falck,'' sê hy stadig en met nadruk, ,,maar ek is nie Ludovic nie. . .''

,,Nie Ludovic nie!'' roep man en vrou tegelyk uit.

Hulle staar hom aan asof hulle nie hul eie ore kan glo nie. ,,Dalk het jy jou geheue verloor, my arme hartjie,'' kom dit sag van die vroutjie.

,,Natuurlik!'' roep Herman Falck uit. ,,Die ongeluk. Die geweldige hou op sy kop. Hy ly natuurlik aan harsingskudding en tydelike geheueverlies. Ons moet dadelik die dokter laat weet.''

Obed probeer orent kom om hulle terug te roep. Daar is soveel dinge wat hy nog wil weet. Te laat besef hy sy fout. 'n Verskriklike slag hamer deur sy kop en vel hom teen die kussings. Nogmaals tuimel hy die mistige duisternis in onderwyl ligte onder sy ooglede flits.

Dit is helder dag toe hy weer sy oë oopmaak. Hy kyk om hom rond, maar gewaar niemand nie. Hy voel baie beter, afgesien

van die pyn in sy kop. Toe hy sy arms en bene probeer beweeg, vind hy uit dat hy dit sonder pyn of inspanning regkry. Dan begin hy dink oor die vorige aand se gebeure en wonder of dit nie maar alles 'n baie realistiese droom was nie. So nie, verwar hulle hom definitief met iemand anders—soos die jong man in die kafee op Potgietersrus. Hy wonder nou hoe lank gelede dit gebeur het.

Die deur gaan oop en die skraal man, hierdie keer sonder sy wit jas, kom die kamer binne. ,,Jy hoef nie te sê dat jy beter voel nie,'' merk hy glimlaggend op. ,,Dis baie duidelik.''

,,Ek voel piekfyn,'' verseker Obed hom. ,,Hoe lank lê ek al hier? En waar is ek presies?''

,,Jy is al drie dae hier op die plaas van die burggravin Iona von Waltsleben, jou moeder.''

,,My moeder?''

,,Dis reg. Blykbaar was jy Vrydagaand op pad hierheen. Jy het egter met 'n ander motor kort duskant die afdraaipad gebots en is gelukkig uit die motor geslinger. Jou motor het daarna aan die brand geslaan en heeltemal uitgebrand. 'n Ou Bantoe wat kort agter jou met 'n donkiewa aangekom het, het dadelik by die plaas kom hulp soek. Die mense in die ander motor is nie baie ernstig beseer nie. Hulle is in die hospitaal op Pietersburg. Toe mnr. Falck jou egter sien, het hy jou dadelik herken en aangedring dat jy plaas toe gebring word.''

Obed se mond word plotseling droog. ,,Dokter, doen my asseblief tog 'n guns en bel my vriend, dr. Albert Uys, in Johannesburg. Hy sal u sê dat ek Obed de Swardt is en nie hierdie Ludovic-kêrel nie.''

Die dokter glimlag. ,,Ons ken reeds die verhaal van Obed de Swardt, burggraaf,'' antwoord hy. ,,Toe jy destyds hier weg is, het jy onder daardie naam by die Kenia-polisiemag aangesluit. Toe ons jou rybewys in jou sak kry en merk dat dit aan Obed de Swardt uitgereik is, het ek dadelik ondersoek laat instel. Op Potgietersrus het die polisie iemand raakgeloop wat saam met





jou in die polisie in Kenia was. Hy het dit bevestig dat hy jou onder daardie naam geken het en dat jy uit hierdie omgewing kom. Hy het jou glo Vrydagaand op Potgietersrus ontmoet, maar jy het gemaak asof jy hom nie ken nie. Waarom het jy so iets gedoen?''

,,Omdat ek hom van geen kant af ken nie,'' antwoord Obed met nadruk. ,,Ek was nog nooit in enige polisiemag nie.'' Hy haal diep asem. ,,Lyk ek vir jou mal?''

Die dokter kyk weg. ,,Nee, nie mal nie. 'n Man wat egter so 'n geweldige hou op die kop gekry het, is geneig om tydelik aan geheueverlies te ly.'' Hy glimlag weer en kyk Obed gerusstellend aan. ,,Dis niks om oor begaan te raak nie. Moenie jou daaroor kwel nie. Binne 'n paar dae is jy piekfyn.''

'n Koue begin stadig in Obed opkruip en laat die sweet oor hom uitslaan. Hierdie saak is nie meer 'n klug nie—nie meer 'n misverstand gebore uit persoonsvergissing nie. Dit lyk vir hom asof almal dit dodelik eens is dat hy die burggraaf von Waltsleben moet wees. Het die hou op sy kop sy verstand aangetas? Is hy besig om kranksinnig te word? Met snelkloppende hart staar hy die glimlaggende dokter aan.

,,Ek sê jou, Dokter, julle maak 'n verskriklike fout!'' protesteer hy heftig, sy stem skielik skor. ,,Ek het wel in hierdie omgewing opgegroei, maar. . .''

,,Toe maar, ou, moenie so opgewonde raak nie. Kom, laat ek vir jou 'n inspuiting gee sodat jy nog 'n bietjie kan rus voordat jy jou toenemende kragte weer uitput.''

Die naald byt in sy bo-arm in en geleidelik neem die verdowingsmiddel besit van sy sinne. Sy oë gaan toe, maar hierdie keer is dit 'n salige rus wat oor hom spoel. Die mistige, vreesaanjaende duisternis is weg. Hy sug gemaklik. Hy is in 'n droom wat wel later sal verdwyn saam met die diepe slaap waarin hy verkeer. As hy wakker skrik, sal hy op sy Bosveldplaas wees, weer eens Obed de Swardt, en omring van mense wat hy ken.